Untitled Document

Boks-vir-‘n-Boervrou, ‘n projek wat stil-stil in Wellington afgeskop het, het die land behoorlik aan die bra

Die doel is om boervroue op plase, wat onder die droogte gebuk gaan, voor Kersfees met ‘n geske

Al die bokse moet in koerantpapier toegedraai word met ‘n mooi lint daarom gebind. Jy kan meer a



Anonieme vroue by bederf-bokse vir droogte-boervroue

Briewe

Die dankie-sê briewe wat van dié boervroue terug kom het daarom ook anoniem gebly. Een van d

“Dankie dat julle almal die moeite doen om ’n boervrou weer te laat voel ‘dis OK, ons het jou’ . . . Ons h



Die inpak-proses op Cullinan

.




Bokse-vir-‘n-Boervrou wat in Oktober uit Cullinan gestuur is

Oom

Dan is daar die vrou wat skryf oor ‘n oom wat haar gebel het om dankie te sê vir so ‘n boks vir sy vrou: “Behalwe daai oorvloedige 20 bale voer, kry die ouvrou toe mos ook ‘n boks. En jy sal my nou nie glo nie, dis wragtig op haar verjaarsdag. Sy is 73 jaar vandag.”

Dit was vier jaar sedert dié oom en tannie iets vir mekaar kon koop vir ‘n verjaarsdag. Hulle het mekaar elke jaar maar net ‘n drukkie gegee. “Ons vier hande maak toe saam daai Heer se boks oop . . . koffie, koekies, ‘n bottel wyn, haargoeters, koekie seep . . .”

Die oom het vertel van al die ander goed in die boks, selfs ‘n string pienk pêrels en onderbroeke vir hom, en sê: “En toe gaan sit ek en ma asof ons nog 20 jaar is en vryerig is, plat op die kombuisvloer met ons koekies en wyn en vier ma se verjaarsdag.”



[illegible]





Cornémari Viljoen by die bokse wat sy inpak *Foto: Marizka Coetzer*